JOU GELD-SAKE



# PENSIOENE EN TESTAMENTE

Deur LETITIA WATSON
Stuur voorstelle en versoeke na geldsake@huisgenoot.com. E-posse sal sover moontlik in die rubriek beantwoord word en nie persoonlik nie.

Al is jy die enigste benoemde, gaan jy dalk nie alles erf nie

## SKOK VIR TWEEDE VROU

'n Leser se oorlede man het haar as die enigste begunstigde van 'n klein annuïteit benoem. Maar toe moes sy hoor sy kry ingevolge Artikel 37C van die Pensioenfondswet nie outomaties die geld nie. Alle ander moontlike begunstigdes moet eers opgespoor word – en sy was haar man se tweede vrou. Haar oorlede man het weinig kontak met sy twee volwasse kinders uit sy vorige huwelik gehad, maar hulle maak nou aanspraak op die annuïteit, al is hulle nie as begunstigdes benoem nie.

## DIÉ MENSE IS AFHANKLIKES

Kragtens die pensioenwet is die volgende mense afhanklikes:

- iemand vir wie die oorledene regtens verantwoordelik was vir die betaling van onderhoud; en
- iemand vir wie die oorledene nie regtens verantwoordelik was vir die betaling van onderhoud nie, maar wat (1) volgens die fondstrustees werklik by dood afhanklik was van die oorledene; (2) die gade van die oorledene is; of (3) afhanklik van die oorledene sou geraak het as hy/sy nie sou gesterf het nie.

## TRUSTEES BESLUIT OOR AFHANKLIKES

Aftreefondsgeld werk anders as ander persoonlike bates in 'n testament, soos byvoorbeeld 'n huis of motor, sê Angélique Visser, voorsitter van die Fidusière Instituut van Suid-Afrika.

Wanneer die lid sterf, besluit die aftreefonds se trustees hoe en aan wie die fondsgeld betaal word.

Hulle stel eers vas wie voor sy dood finansieel en regtens van die oorledene afhanklik was en verdeel dit dan na hul oordeel regverdig.

## SO BETAAL DIT UIT

Angélique sê artikel 37C verwys na vier verskillende situasies, waarvan ons leser se situasie een is:

- afhanklikes, maar geen begunstigdes nie – trustees verdeel die fondsgeld volgens eie oordeel;
- begunstigdes, maar geen afhanklikes nie – trustees verdeel die fondsgeld volgens die begunstigde se aanwysing;
- afhanklikes sowel as begunstigdes – trustees verdeel die fondsgeld volgens eie oordeel; en
- geen afhanklikes en begunstigdes nie – trustees betaal die fondsgeld aan die oorlede lid se boedel om dan ingevolge die testament of Intestate Erfopvolgingswet te verdeel.

> *'Ek sal nooit sterf vir wat ek glo nie, want ek kan dalk verkeerd wees'*
> – BERTRAND RUSSEL, BRITSE FILOSOOF (1872-1970)

## VYF VRAE OOR PENSIOENE EN BOEDELS

1 **Wat is die doel van artikel 37C?** Dis om seker te maak die afhanklikes van aftreefondslede word met genoeg ondersteuning gelaat sodat hulle nie 'n finansiële las vir die staat word nie.

2 **Is pensioen van boedelbelasting vrygeskeld?** Ja, alle pensioen- en annuïteitsvoordele, ook enkelbedrae, is tans vrygeskeld, maar die minister van finansies het aangekondig dit kan verander.

3 **Wat is 'n kontraktuele uittreeannuïteit (UA)?** Dit word by 'n versekeringsmaatskappy uitgeneem. Jy word verbind om 'n premie met 'n vasgestelde verhoging vir 'n vasgestelde tydperk te betaal. 'n Boete is gewoonlik ter sprake vir veranderings aan dié UA.

4 **Wat is niekontraktuele UA's?** Hulle word gewoonlik deur effektetrusts gedoen. Geen kontrak bind jou om 'n vaste premie te betaal nie. Jy kan ook die beleggingsplan verander soos dit jou pas sonder om enige boeteheffings te betaal.

5 **Wat behels die Wet op Intestate Erfopvolging?** As iemand sterf sonder om erfgename te benoem, bepaal die wet hoe die boedelbates tussen die naaste bloedverwante verdeel moet word.

## 10% STERF ONNATUURLIK




Sanlam se statistiek toon 10 persent van die sterftes waarvoor geëis word, is veroorsaak deur onnatuurlike oorsake soos motorongelukke, moord, selfdood, brande, verdrinking, vergiftiging en dierbyte. Die meeste (35 persent) van dié sterftes is polishouers tussen 36 en 45 jaar oud.

BRON: SANLAM LIFE SURPRISES SE 2014-PEILING

**WENK** Lees 'n slag jou pensioenfonds se nuusblaaie; dit is interessanter as wat jy dink.

## KRY HIER NOG HULP

- Fidusière Instituut van Suid-Afrika, www.fidsa.org.za
- Makelaars en adviseurs: Vereniging van Finansiële Tussengangers, www.fia.org.za
- Pensioenfondsberegter, www.pfa.org.za